

26 OKTOBER

SKRIFGEDEELTE: PSALM 118
FOKUSGEDEELTE: PSALM 118:22-29

God se liefdestrou

Hierdie grootse psalm gaan om God se liefdestrou: Hy is altyd daar, Hy help en Hy gee die uitkoms. Ondanks die aanslae van vyande en die bedreiging van mense, by Hom is daar hoop en redding. Die digter jubel daaroor dat hy die vyande se aanslae in die Naam van die Here afgeslaan het. Aan sy verbondstrou is daar geen einde nie!

God se verbondstrou kom hier tot ontplooiing in die hoeksteen wat Hy geskenk het. Die hoeksteen was 'n L-vormige klip wat as sluitsteen gedien het, waardeur die mure van die gebou stewig aan mekaar verbind is. Dié bepaalde hoeksteen is deur die bouers afgekeur. Hulle het nie sy waarde besef nie en hom eenkant laat lê. Tog het God self gesorg dat dié spesifieke hoeksteen ingebou word.

Hier het ons 'n gebou as voorstelling van God se raadsplan. Sy hele plan draai om die hoeksteen waardeur die mure intakt gehou word. Sonder die hoeksteen sal die gebou inmekaar val en verkrummel. Daar sal niks van oorbly nie.

Die hoeksteen van Psalm 118 wys duidelik op ons Middelaar, Jesus Christus, die Seun van God. Dit is Hy wat die Boek uit die hand ontvang van die Een wat op die troon sit in Openbaring 5. Dit is Hy wat in staat is om die seëls daarvan te breek en God se raad tot uitvoering te bring. Dit is Hy wat as die spilpunt van God se meesterplan ons met Hom versoen het deur vir ons skuld te betaal.

God se liefdestrou waarvan die digter in Psalm 118 sing, sy nabyheid en sy beskerming, het onkeerbaar uitgeloop op ons Verlosser, Jesus Christus! Op hierdie Hoeksteen word vir ons 'n gebou gereed gemaak: 'n huis in die ewigheid!

Sing: Psalm 118:11, 14 (1936-beryming)

Dr Neels Smit (Noordbrug)